Aflos-Kinderversorger

Vrede Jeugsorgsentrum bied 'n geleentheid vir 'n **Aflos-kinderversorger** om ons permanente kinderversorgers te ondersteun. Jy sal help met die emosionele en fisiese versorging van kinders tussen die ouderdomme van 2 en 18 jaar wat deur die Kinderhof in ons sorg geplaas is.

As deel van 'n toegewyde span werk jy saam om 'n veilige, liefdevolle en stimulerende omgewing te skep waar elke kind die geleentheid kry om te groei en te ontwikkel.

Wat jy gaan doen:

- Ondersteun die versorging van kinders wanneer 'n permanente kinderversorger nie beskikbaar is nie.
- Werk ten minste **8 dae per maand**, met die moontlikheid om addisionele skofte te werk, soos middae, of wanneer permanente kinderversorgers siek is, met verlof is of opleiding bywoon.
- Wees deel van 'n span wat 'n veilige, liefdevolle en stabiele tuiste vir kinders skep.

Wat ons van jou verwag:

- Graad 12.
- Bereidheid om verpligte opleiding te ondergaan (opleiding word in Engels aangebied).
- Geldige rybewys (nie onderhandelbaar nie).
- Vlot in Afrikaans en Engels magtig
- Tree as 'n positiewe rolmodel op en handhaaf 'n gesonde leefstyl, goeie fisiese gesondheid en sterk sosiale vaardighede.
- Ouderdom tussen **35 en 55 jaar**.
- Inwoning is verpligtend.
- Vorige ondervinding in die versorging van kinders sal tot jou voordeel strek.

Diensaanvaarding: SO GOU AS MOONTLIK

Hoe om aansoek te doen:

Stuur jou CV na **pmw1@vironskinders.org.za** met die opskrif: **Vrede Aflos-kinderversorger**.OF hand-aflewerings na: 100 Kuhnstraat; Vrede

Let wel: Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word. Deur jou CV in te dien, stem jy in tot die verwerking van jou persoonlike inligting ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)